



GRAAD 11

BESIGHEIDSTUDIES

PROJEK VRAESTEL

TAAK NR 3

AUGUSTUS 2025

TOTALE PUNTE: 50

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye insluitend die voorblad

BESIGHEIDSTUDIES			
Graad: 11	Termyn 3		
Taak: 03			
PROJEK			
Punte: 50			
Datum: _____			
Naam van leerder: _____			
Skool : _____			
FINALE PUNT			
<table><tr><td></td></tr><tr><td>50</td></tr></table>			50
50			

NOTAS AAN DIE ONDERWYSER

- 1 Die taak moet individueel deur leerders voltooi word.
- 2 Verduidelik die taak duidelik aan leerders voordat dit toegepas word
- 3 Administreer die taak onder gekontroleerde toestande
- 4 Hou by die datum en tyd waarop die taak geadministreer moet word

INSTRUKSIES AAN LEERDERS

- 5 Voltooi hierdie taak om jou begrip van die volgende onderwerpe te toon:
 - Assessering van entrepreneuriese eienskappe in besigheid
 - Verander 'n sakeplan in 'n aksieplan
6. Nommer jou vrae korrek
7. Gebruik die rubriek om verwagtinge en puntetoekenning vir elke kriteria te bepaal

VRAAG 1: BESIGHEIDSONDERNEMINGS

1.1. Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vrae wat volg.

TEBZA SKRYFBEHOEFTEWINKEL (TSW)

Tebogo, die eienaar van TSW het bedank uit sy vorige diens om sy eie sake-onderneming bekend as TSW te begin. Die maatskappy bied skryfbehoeftes aan die publiek en besighede. Tebogo beskryf homself as ambisieus, hardwerkend en het 'n positiewe uitkyk. Hy volhard en gebruik kreatiewe denkvaardighede om bedreigings in besigheid te omskep.

- 1.1.1

Identifiseer VIER eienskappe van 'n entrepreneur uit die bostaande scenario.

(4)
- 1.1.2

Verduidelik enige ander VYF eienskappe van 'n entrepreneur wat nie in VRAAG 1.1.1 genoem word nie.

(5)
- 1.2

Omskryf die volgende sleutelsuksesfaktore van 'n besigheid:
- 1.2.1

Kliëntebasis

(3)
- 1.2.2

Goeie leierskap

(3)
- 1.3

Beskryf die aspekte wat 'n besigheid moet oorweeg wanneer areas vir verbetering evalueer word.

(5)
- 1.4

Stel strategieë voor wat besighede kan gebruik om te verseker dat hulle winsgewend en volhoubaar bly.

(5)

VRAAG 2: BESIGHEIDSONDERNEMINGS

- 2.1

Omskryf die projekbeplanningstappe.

(5)
- 2.2

Lees die onderstaande scenario en beantwoord die vraag wat volg:

SUNSET BAKERY (SB)

Rose, haar broer en suster het die volgende aktiwiteite vir hul besigheid uitgevoer gedurende Julie 2025. Rose het die besigheid in die eerste week geregistreer. Juliana het 'n gebou vir huur in die tweede week georganiseer. Paul was verantwoordelik om die opening van die bakkery in die eerste en derde week van Julie te adverteer.

- 2.2.1

Stel 'n Gantt-kaart op deur die inligting wat in die bostaande scenario gegee word, te gebruik.
- Gebruik die onderstaande tabel as 'n gids om VRAAG 2.2.1 te beantwoord
- | AKTIWITEIT | WEEK | | | VERANTWOORDELIKE PERSOON |
|------------|------|--|--|--------------------------|
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
- (10)
- 2.3

Verduidelik die doel van 'n sakeplan.

(5)
- 2.4

Bespreek die redes hoekom besighede befondsing benodig.

(5)

[TOTAAL = 50]